

Hoofstuk van die dag: Jeremia 37 – 38

> *Later het koning Sedekia hom laat haal en in die geheim in die paleis vir hom gevra: “Is daar ’n woord van die Here af?” (Jer 37:17)*

Sedekia het die twyfelagtige eer gehad om die laaste koning

van Juda te wees. Die prentjie wat die Bybel van hom teken, is een van ’n weifelaar wat nie die moed van sy oortuiging gehad het om oor sy mense te regeer en te doen wat hy geweet het reg is nie. Aan die een kant het hy probeer reghou met Jeremia en die Here, maar aan die ander kant het hy sy amptenare vrye teuels gegee om Jeremia te mishandel.
Keer op keer het hy Jeremia geraadpleeg, selfs in die geheim (37:3,17 en 38:16), en keer op keer dieselfde antwoord gekry: Gee jou oor aan Nebukadnesar, dan sal jy lewe. Maar hy was te bang vir sy eie mense, en – hoe pateties – hy was bang die verraaiers onder sy mense sou hom aanrand (38:19). Uiteindelik was sy lot veel erger as dit, soos Jeremia in 38:23 vir hom uitgespel het. Want anders as koning Dawid (2 Sam 24:14) was sy vrees vir mense groter as sy vrees vir God.
Ons hoef egter nie vir mense bang te wees nie (Matt 10:28).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026